Nou Is Die Poort

Dankie, Broer Neville. Dankie. Dit is so goed om terug te wees in die Huis van die Here. Ek geniet dit altyd om terug te wees in die Tabernakel, maak nie saak waar ek gaan nie. Daar is iets omtrent hierdie klein ou plekkie waarvan ek hou om na terug te kom. Dis net, o, ek . . . Dit was my eerste en enigste kerk wat ek ooit van pastoor was. En dit skyn net goed om weer hier terug te kom. En ek glo dat op daardie groot oggend wanneer die son weier om te skyn en die sterre hul lig uitdoof, ek glo daar sal sommige vanaf hierdie Tabernakel teenwoordig wees daardie dag, wat gewas is in die Bloed van die Lam. Ek sien uit na daardie tyd.

2 Soos ek gekom het deur die kamer netnou, het ek Suster Arganbright daar agter ontmoet. En sy het my vertel dat daar sommige mense hier is wat by die Kingston byeenkoms was, wat daar besoek het tydens daardie tyd. En ek . . . die . . . so bly om hulle hier te hê as 'n getuienis. Waar hulle ookal is, as hulle hul hande sal ophou, was by die Kingston byeenkoms in Jamaica. Net, ja, agter aan die agterkant. Goed, dis gaaf.

3 Ek sien Oral se poskaart. Ek neem aan julle het alreeds sy dienste aangekondig. Ek het dit nie geweet voor, die datums, tot gister nie. Ek dink dit begin op die sesde, dan nie? Sesde tot die vyftiende, Broer Roberts in Louisville. Nou, gaan luister na hom. Broer Roberts is 'n—'n boesem vriend van my, en 'n regte dienaar van Christus. En ek is seker jul sal sy boodskappe geniet, aand na aand. En 'n . . . sy, soos hy bid vir die siekes, ek—ek is seker julle sal God sien beweeg, want ek glo hy is 'n groot stryder van geloof, is Broer Roberts, en 'n man wat God magtiglik gebruik. En sy bediening het gestyg van . . .

4 Ek onthou toe ek die eerste keer Broer Roberts ontmoet het, hy was in 'n klein verflenterde tent in St. Louis, Missouri en ek was . . . nee, Kansas City, Missouri. En ek was in Kansas City, Kansas, in 'n ouditorium. Hy het gesit in die voorste sitplek. Na die diens oor was, het ons omgegaan na agter en ek het gepraat. Hulle het my aan hom voorgestel. Hy is jonger as ek; Oral in sy vroeër veertigs. En so het hy gesê, "Dink jy dat God my gebed vir die siekes sal hoor?"

Ek het gesê, "Broer, Hy hoor enigiemand se gebed wat wil bid." Wel, hy het begin, en hy het gesê, "Hier gaan ek!"

5 En hy is 'n baie slim man, en 'n kollege opvoeding, vier jaar van sielkunde, en ek is seker hy is 'n—hy is 'n briljante man. En hy het nou by 'n plek gekom waar hy 'n personeel adviseerders rondom hom het, en dinge, tot, wanneer hy praat, hy—hy dink dit uit. En julle geniet hom regtig, ek is seker.

6 En so nou wil ek graag net 'n klein verslag gee oor wat ons Here gedoen het in ons klein nederige byeenkoms in Jamaica in Puerto Rico. Dit was 'n vreemde ding dat ek oorgegaan het, want baie oproepe kom in. Soos Leo hier weet, dat die telefoon . . . En deur die loop van die week, daar is letterlik honderde plekke wat bel vir byeenkomste. Maar tog ek hou daarvan om gelei te voel waar ek gaan, soos vir dit. As ek gaan omdat die man gevra het vir my om te kom, dan kom ek in die naam van daardie kerk of daardie organisasie. As ek wou gaan omdat Broer Neville gesê het ek moes gaan, ek sou moes gaan in die naam van Broer Neville. Maar ek hou daarvan om te gaan wanneer Jesus stuur, sodat jy kan gaan in die Naam van die Here Jesus, om die mense te ontmoet.

7 En ek het op die bed gelê, en ek was net 'n bietjie moeg. Hierdie vallei, vroeër of later, ek sal hierdie vallei moet verlaat, omdat dit net my keel breek tot so 'n punt waar ek dit kwalik kan uithou. Ek kan weg wees en terug kom . . . Ons kom die ander dag, Leo en ek, binne veertig myle, nadat in die moerasse in Florida was, keel totaal opgeklaar, en binne veertig myl van Louisville het dit weer gestop. Broer Banks Woods behoort hier êrens te wees vanmôre. En die ander dag ingekom van Kingston en—en Puerto Rico, waar my keel perfek was, en ek het afgeklim van die vliegtuig, nog alles reg; en voordat ons kon kom in Jeffersonville, het dit weer toegegaan. Sien, dis die vallei hier. Dis die bakterieë in die lug, of anders is dit God, een, probeer om my weg te kry. So, ek—ek verstaan dit nie. Ek het gebid en gevra so baie keer.

8 Maar, nietemin, ek het net wakker geword, dit was omtrent drie uur in die oggend. En my vrou en klein seuntjie was aan die slaap. En ek het opgestaan aan die kant van die bed, en ek het 'n groot getal mense gesien wat bymekaar gekom het by 'n groot plek, en ek het gesê aan Billy-Paul, "Jy gaan daar in en gee daardie mense gebedskaarte."

9 En hy het gesê, "Goed, pa." Binne 'n paar minute het hy teruggekom, en gesê, "Jy kan nie gebedskaarte vir daardie mense gee nie." Hy het gesê, "Jy sien hierdie man wat hier staan?"

Ek het gesê, "Ja."

10 Hy het gesê, "Hy was daaroorkant, en ek het gesê, 'Enigiemand wat 'n gebedskaart wil hê, hou jou hande op.'" En gesê, "Ek het gegaan om hom gebedskaart te gee, hy het elders gegaan. En toe het ek soontoe gegaan, en hy was erens anders. Nou is hy vêr weg hier eenkant." Gesê, "Ek kan nie eers een gebedskaart uitgee nie."

11 Ek het gesê, "Wel, Billy, jy hoef nie gebedskaarte uit te gee nie, omdat hier so 'n groot plek is hier sodat almal kan . . ." Gebedskaarte is om 'n oproer . . . jy sien, en hou hulle in orde. Ek het gesê, "O, ek kan almal daar neem, nie meer as wat daar

in die plek is wat ek het nie, en lyn hulle op en bid vir hulle een vir een."

12 En hy het gesê, "Goed." En hy het gedraai na die regterkant en weggegaan van my af. En ek het omgedraai *hierdie* kant toe soos hy weggegaan het van my na *daardie* kant toe, het hom dopgehou.

13 En ek het 'n Stem van die Hemel af hoor kom, en gesê, "Maar teen hierdie tyd sal Ek begin om jou te vergroot." En ek het gekyk, en ek het nog nooit so 'n skare mense gesien nie, hulle het geswerm van oral.

14 En Broer Roberts se naam was geroep, gesê, "Nou kom Broer Oral Roberts om jou te sien."

En ek het gesê, "Hoe sal ek Broer Roberts groet?"

Gesê, "Net soos hy jou groet."

15 Wel, ek het gesien Broer Roberts kom met 'n swart pak aan, en 'n klein hoedjie soos Bing Crosby dra, daardie klein vou-dit-op-en-trek af, 'n klein swart hoedjie. En ek het soort van opgestaan, en hy het opgekyk en gesê, "Hallo, Broer Branham."

En ek het gesê, "Hallo, Broer Roberts," sy hand geskud.

Gesê, "Jy het 'n mooi skare."

16 Ek het gesê, "Nogal 'n skare, Broer Roberts." En hy het gedraai en weggegaan soos Billy, na die regterkant.

17 En ek gedink, "Waarvandaan gaan ek met die mense praat?" En ek het probeer om oral 'n plek te kry om vanaf te praat. Ek was in so 'n situasie, ietwat onder, dat ek nie kon sien waarvan om—om vanaf met hulle te praat nie.

En iemand het gesê, "Wel, kom hiernatoe."

18 Ek het gesê, "Wel, jy kan nie beter sien daar nie." En ek het begin oorgaan na die plek. En ek onthou toe dit, ek het gesê, "Die hoof saak vir my is om nederig te bly in my hart, altyd, voor God en Sy kinders."

19 En ek het uitgekom van uit die gesig. En ek het gedink, "Wat beteken dit? Miskien beteken dit ons gaan sulke . . . Of waar dit is, waar gaan hy wees?" Julle sien, somtyds, in gesigte, Hy vertel jou nie net waar, Hy—Hy praat met jou . . . Dis 'n gelykenis, soort van. En ek is seker julle wat die Bybel lees verstaan dit.

20 En toe het ek in die voorkamer gegaan en gaan sit vir 'n klein rukkie, en dit was omtrent drie dertig of vieruur in die môre. Ek het baie vaak geword. Ek het teruggegaan en gaan lê, en ek het 'n droom gedroom, en dit was die snaakste droom. En meeste van julle ken een van die bestuurders, Jack Moore, Broer Jack Moore. Ek ken hom vir jare. Ek het gedink dat ek uit was op 'n afspraak met sy dogter, 'n meisie van omtrent sewentien jaar oud, en ek het haar by die hand geneem, haar opgelei teen die heuwel, klein Jackie. Wel, ek het haar geken vandat sy slegs 'n klein suigeling

babatjie was. En ek het haar teen die heuwel opgelei, en ek het drie stadsblokke opgegaan teen die heuwel, hierdie meisie gelei. En ons het onder 'n groot boom gekom, en sy het gaan sit. En soos 'n hele klomp van die klein tiener meisies vandag dra daardie rompe wat, julle weet, soort van uitbol, en sy het een van daardie soort rompe aangehad. Sy het daardie klein romp geneem en dit soort van uitgesprei en gaan sit. En soos jong mense gewoonlik na mekaar kyk, sy het haar hande gevou soos *dié* en begin om op te kyk in die lug. Wel, Jackie is 'n baie goeie klein meisie, maar sy het 'n groot mond en yslike, groot oë, en soort van vaal hare, nie baie aantreklik nie, maar 'n regte klein dame. En ek kon haar groot oë sien soos sy opwaarts gekyk het in die lug, en soos die refleksie van die lug in haar oë was.

21 Wel, ek het omtrent vyf voet van haar af gegaan, en soort van op my sy gaan lê soos *hierdie,* en 'n strooihalm geneem en in my mond gesit, en begin kou aan hierdie strooihalm. En begin te dink, "Wat doen ek hier? Hoekom, ek 'n ou man, en met hierdie jong meisie. Hoekom," het ek gesê, "Ek is getroud en het 'n klomp kinders. Ek het geen besigheid hier bo met hierdie jong meisie nie."

22 En ek het begin om op te staan. En, toe ek dit doen, het 'n Stem gekom vanaf die boom, en gesê, "Dit is 'n teken vir 'n rede."

23 En ek het wakker geword, en ek het amper geskreeu, 'n—'n nagmerrie. Ek het gedink, "O, ek wonder of dit beteken dat ek gaan terugval of iets met my gaan gebeur? Wel," ek het gedink, "as ek gaan probeer om my eie verstand te gebruik, dan gaan ek dit alles deurmekaar kry, so ek sal net wag op God." En ek het begin bid. Ek het gesê, "Here, het daardie droom slegs betrekking op die visioen in die vroeër deel van die nag, of wat beteken dit?"

24 Nadat 'n sekere tyd gewag het, miskien 'n uur, (my vrou was alreeds op en het ontbyt gereed gehad), toe het die Stem teruggekom, en gesê, "Gaan aan na Kingston, en dit sal vir jou gesê word wat om daar te doen."

25 So, dadelik het ek gegaan na Kingston. En hulle—hulle het geweet Donderdag middag dat ek daar sou wees Vrydag. Dit is al advertensie wat ons gehad het. Ek is nie goed met die maak . . .?. . .of skatting van skares, miskien vergroot ek gewoonlik daarop. Maar die eerste aand, ek sou sê ons het gehad omtrent twaalf, o, omtrent twaalf honderd mense, uit, want dit was slegs bekend vir een dag. En die volgende dag het hulle begin met hardlopers, gehardloop vir vier myl, in aflos, teen die berge op. Een hardloper sou vir vier ure hardloop, en sou dan 'n ander hardloper laat gaan teen die berg op. En die tweede aand was daar omtrent vyf duisend. En die derde aand was dit geskat omtrent vyftien duisend, miskien twintig. En daar het duisend maal duisende na die Here gekom.

26 En die gesig, was die klein kerk, die meisie was 'n maagd, net 'n kind, en dit het beteken die maagdelikheid van die kerk. En die drie stadsblokke teen die heuwel op, was drie dae wat ek sou preek. En die klein maagdelike kerk deur my bediening geneem, van waar sy was, na hoër dinge in die Here, totdat dit die hele eiland geskud het.

27 En, o, predikers en mense rondom, huilend en smekend en ooredend, "Nog net een aand of twee," die staatsamptenare.

28 Ons het daarvandan gegaan na Puerto Rico. Daar is ons ontmoet met groot, hoër triomf, en duisend maal duisende het die baan volgepak, totdat dit vasgestel was dat by die veertig duisend kosbare siele na die Here Jesus gekom het. En by die weggaan, ek hoop ek . . . ek sou dit vir my eie kerk gesê het, maar ek kon dit nie in die openbaar doen nie, rondom waar huismense is nie, omdat dit verkeerd mag lyk. Maar ek het die regter se naam hier op 'n stukkie papier, wat die praatjie gelewer het toe ons weggegaan het, net hier, hy en sy personeel.

29 En hy—hy het gesê, "Ons was vereer op die eiland om verskillende predikers te hê." Hy het gesê, "Toe Mnr. Billy Graham net die eiland verlaat het onlangs," en gesê, "ons het 'n—'n wonderlike byeenkoms gehad," hy het gesê, "maar Billy Graham het net vir ons dieselfde Evangelie gebring wat ons altyd gehoor het." Hy het gesê, "Toe was ons vereer om Mnr. Roberts op die eiland te hê," hy het gesê, "en Mnr. Roberts het ons 'n groot drie dae byeenkoms gegee. Maar," gesê, "die onkostes was so hoog in die hotel," gesê, "agtergelaat vyf-en-dertig duisend dollar vir drie nagte, vir die hotel onkoste." Hy het gesê, "Toe was Mnr. Osborn hier, wat 'n groot dienaar van Christus was. Maar," gesê, "toe Mnr. Osborn weggaan, was daar 'n leemte," gesê, "dit het gelyk of alles weg was."

30 "Maar," gesê, "ons het opgelet in hierdie byeenkoms dat daar regtig omtrent niemand op die platvorm was vir Broer Branham om voor te bid nie. Maar," gesê, "nadat die dienste oor was, het ons lorrievragte vol van ou stoele opgetel en ou stokke en enigiets van uit die gehoor." Hy het gesê, "Dit was nie 'n man hierdie keer nie, God het na ons gekom," het by gesê.

31 Ek het gesê, "Moenie my gebede verwag nie; maar julle gebede daarbuite, lê julle hande op mekaar." En hulle het gebring miskien 'n dosyn of twee na die platform, en, wanneer die onderskeiding sou afkom, die mense sou net skreeu. Ons het in 'n vierde klas hotel gebly, en al ons eie onkostes en weë self betaal.

32 En julle het gehelp om dit te doen, julself, met julle tiendes wat julle my stuur. Dis wat dit gedoen het. En ek wil hê julle moet dit weet, uit dit alles, julle het 'n deel daarin. En in die groot glorieryke dag wat kom, God sal julle daar beloon. Sien, julle hoef nie . . .

33 As die persoon self gaan en iets doen, dan, julle sien, wanneer die persoon weggaan, dink hulle, "'n Groot leemte, God het ons verlaat." God verlaat julle nie. Hy is altyd met julle. Sien, dis julle, net so baie daarin as enige, as enigiemand. God mag 'n persoon gebruik vir 'n sekere bediening, maar dit beteken nie dat daardie persoon 'n opsie op God het nie. Dis jou eie geloof in God.

34 En hulle sou daar uitgaan in klein ou wielkarretjies, wat hulle sou neem soos klein baba-karretjies wiele, en—en 'n bord maak, en die mense daarop laat lê en hulle instoot. En nadat die diens oor was, die hele renbaan sou skoon word, hulle het net gegaan met waens en klein ou karretjies opgetel en groot ou stoele, en stokke en bababeddens en beddens, en net waar hulle net geloop en hulle gelos het, omdat die Teenwoordigheid van die Here daar was. Dis wat ons wil sien. Mens uit die prentjie dan, God beweeg.

35 Om terug te kom, net om te help nou vanmôre, ek gaan praat oor 'n paar minute. En ek het die seuns gevra om nie die band uit te gee nie. Drie dae het ek hard probeer om te dink, "Wat sal ek oor praat?" En vanmôre, voordat ek gegaan het, het ek 'n werklik ernstige waarskuwing in my hart gevoel vir die kerk. En ek het hulle gesê, "Neem die band, maar moet hulle nie uitgee te koop nie."

36 Maar voordat ons dit doen, ek sal graag net vir julle 'n klein getuienis wil gee, sodat dit julle kan goed doen. Dit het my goed gedoen. Ons het op 'n drie-dag visvang uitstappie gegaan, Leo en Gene en ek, en my seun Billy Paul en sy vrou, af na 'n vriend wat hier na die Tabernakel kom, van onder in Georgia. En hulle het ons geneem agter in 'n sekere moeras, ek weet nie nou waar dit was nie, naby Okeechobee of so iets, ek ken nie die naam wat daardie Seminole Indiane dit gegee het nie. Maar, nietemin, ons was baie myle terug.

37 En hierdie Broer Evans, sy broer is 'n sondaar. En hy is 'n groot visserman, en hy het teruggegaan in die moerasse 'n paar maande gelede. En hulle het wat hulle noem die "Grond Ratelslang." En die Grond Ratelslang het hom gebyt, en hy het net nouliks gelewe. Sy been opgeswel, en hulle het hom geneem na die dokters en hulle het hom inspuitings gegee. Daardie goed is dodelik. En hulle het ook 'n klomp Katoenbekke daar agter, Katoenbekke, Moccasin, kaaimanne wat tot twintig voet lank.

38 En terwyl ons visgevang het daaragter, ek het 'n groot, groot baars gevang. O, dit was 'n regte dag van—van ontspanning. En hy was so groot ek kon hom nie uit die water kry nie, en hy het net die hoek reguit gemaak en aangegaan, of homself los getrek. En ons het baie baars gehad, omtrent honderd en vyftig pond van groot baars. En hulle, sommige van hulle weeg verskeie ponde, en

vanaf vier tot sewe, agt pond. En ek het hierdie groot een gevang, en hy het los gekom.

39 En ek het teruggegooi, en ek—ek het nog een gevang, rondom ses, sewe pond. En ek het 'n lang paal gehad wat jy moet hou bo-oor die lelieplate. En Broer Evans het. . . ons was al nat van loop in die water, omdat dit is net moerasse. En hy het sy skoene uitgetrek en sy broekspype opgerol, en het gesit op 'n klein droë plekkie, soort van om sy klere droog te maak. En hy het hierdie groot vis gesien wat rondrol in die bosse, en ek het oorgeloop na hom toe. Hy het gesê, "Net 'n oomblik, Broer Branham, ek sal hom vir jou kry." En hy het soontoe gehardloop, en ek het dit nader getrek, skat die vis was omtrent dood, gelê in die plaat. En hy het uitgehardloop om hom op te tel. En, toe hy het, hy het gekerm, en hier kom hy terug. 'n Ratelslang het hom gebyt.

40 En ons het daarna gekyk, en daar was die tandgate in sy voet waar die Ratelslang hom geslaan het, en dit het hom so seer gemaak, so kwaai, dat daar trane in sy oë was. Gesê, gevoel asof sy bene net lam was. En daar was ons, baie myle terug in die moeras. Hy is 'n groot man om te dra. En wanneer 'n slang jou byt, word jy so siek in 'n paar minute sodat jy net omtrent dood is. En Leo het daar teenwoordig gestaan. En iets het na my gedagtes gekom, "U is steeds God!" En toe hy sy voet vashou en vasklem, en daardie twee groot tandgate daar waar die Ratelslang hom in gegryp het. Ek het hande op daardie plek gelê en gesê, "Here, dit is geskryf in U Woord, 'Hulle sal trap op die koppe van slange en skerpioene, en niks sal hulle op enige wyse kwaad aandoen nie.'" En op daardie einste oomblik, elke pyn het sy voet verlaat. Sy skoene aangetrek en die hele dag visgevang.

41 Ingegaan daardie nag en hulle daarvan vertel, hulle het gesê, "Jy beter na 'n dokter toe gaan."

42 Hy het gesê, "As God my sover beskerm het, Hy sal my die res van die pad beskerm." Ons het visgevang drie dae, geen skadelike effek nie.

43 God is steeds God. Hy hou elke belofte. En van al my bediening, dis die eerste keer wat ek ooit sien God kom na 'n slangbyt, want dit was die eerste keer wat ek ooit die geleentheid gehad het om te bid vir iemand deur 'n slang gebyt. Laat jou net weet dat Hy al Sy beloftes hou, en Sy Woorde is goed en waar. Amen.

44 Onthou die dienste vanaand en hierdie komende Woensdag. En bid vir iemand nou wat regtig gebed nodig het, dis ek. En, onthou, besoek Broer Roberts se byeenkoms wanneer dit na die dorp kom, en groet hom namens die Tabernakel.

45 Voordat ons die Skrif lees, ek—ek wil hê ons moet op ons voete staan vir 'n oomblik. En, sonder die musiek, laat ons net 'n koortjie of twee sing van hierdie glorieryke ou gesang van die kerk, "My Geloof Kyk Op Na U." Goed, almal val reg in saam

met my, en laat ons dit sing. En moenie dink oor hoe jy sing nie, sing dit net tot die glorie van God. Sal jy ons die leiding gee met dit, Broer Neville?

My geloof kyk op na U,
U Lam van Golgotha,
Goddelike Verlosser;
Nou hoor my terwyl ek bid,
Neem al my skuld weg,
O laat my vanaf hierdie dag
Tenvolle U s'n wees.

Terwyl ek lewens donker doolhof betree,
En leed rondom my versprei,
Wees U my Gids;
Laat donkerte verander na lig,
Vee smart, vrese weg,
Nog laat my ooit afdwaal,
Van U af weg.

46 Met ons hoofde gebuig, ek wil graag lees van die heilige geskrifte van die Bybel. Mattheüs, die sewende hoofstuk, 13 en 14 verse. En mag die Here Sy ryke seëninge byvoeg soos ons Dit lees.

Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan.

Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit wind.

47 Laat ons bid. O God, Wie weer die Here Jesus gebring het vanaf die dood en vanaf die graf, en Hom aan ons vertoon het vanmôre as 'n lewende Offer, ons wy ons lewens nederig toe aan U opnuut, met die gedagte dat U so gedagtig aan ons sal wees. Terwyl ons steeds sondaars was, dood in sonde en oortredinge, U het U enigste gebore Seun gestuur, gemaak in die vorm van sondige vlees, om 'n soenoffer te word vir ons sonde, dat die Onskuldige, lydende vir die skuldige, ons weer saam mag versoen in kameraadskap met U.

48 En, O God, as daar sonde in ons midde is vanmôre, iets wat mag hinder dat die Heilige Gees ons die Boodskap van God bring na elkeen van ons harte, ons bid dat, nederig, Here, U ons ons oortredinge sal vergewe. Was ons met die Bloed van die Here Jesus. Wie ons weet in onself is ons niks, en ons bely dat ons niks is, maar dat U heilig is, U is getrou, U is regverdig, U is die einste Fontein van barmhartigheid. En ons kruip nederig soontoe vandag, as berouvolle siele. Onderwyl 'n getuienis nou net uitgegaan het, van Jamaica en van Puerto Rico, en waar U sulke groot werke bewerk het, O God, dis die teken van die koms van die Regverdige Een.

49 Hoe U Broer Evans verlos het uit die giftige tande van daardie slang, omdat hy 'n gelowige was, en U Woorde is altyd

waar. Nou, Here, verlos ons uit die tande van die dood vanmôre, waar die vyand gebyt en ons vergiftig het. Laat U genesende salf, vanmôre, Here, ons gees versadig, en maak ons skoon van alle ongeregtigheid. Genees die siekte van ons fisiese liggame wat afgebreek is deur die kragte van die vyand. Almal wat in Goddelike Teenwordigheid is, mag hulle genees word.

50 Praat nou met ons deur U geskrewe Woord, Here. Wetende nie wat om te sê nie, maar U sal dit voorsien. En waarsku U ons, Here, en maak ons gereed vir U Koms. Want ons vra dit in Jesus Naam en om Sy ontwil. Amen.

51 Ek is altyd 'n bietjie laat, omdat ek gewag het. En Sondagskool, ek dink, is uit. Maar daar is iets omtrent dit, wanneer ek huistoe kom ek voel net asof ek baie tyd het. Julle weet, ons is in te veel van 'n haas, in elk geval. So, ons gaan net God glo.

52 Ons Here het hierdie streng waarskuwing aan die mense van Sy geslag gegee, die mense wat baie godsdienstig was. En Hy het gesê, "Nou is die poort, en smal is die weg, wat lei na Lewe, en min sal daar wees wat Dit sal vind." Nou, dit was nie omdat hulle nie godsdienstig was nie. Hulle was baie godsdienstig. En omdat hulle vertrou het op die kerk en op sekere geloofsformuliere en denominasies, en geglo het (tot 'n sekere mate) in God, hulle het gedink alles was reg. Maar Hy het hulle vertel dat daar baie min sou wees wat sou ingaan.

53 En ek wonder vanmôre of ek nie daardie geslag kan vergelyk met hierdie geslag nie. Sien, dit was met die afsluiting van die Joodse dispensasie, en Hy het terugverwys na verskillendes en verskillende afsluitings van verskillende dispensasies, en het hulle vertel dat die einste ding wat gedoen is in vorige dispensasies besig was om voor hulle gedoen te word. En hulle het misluk in die herkenning daarvan. En kom ons kyk na sommige van die dinge waaroor Hy gepraat het.

54 Hulle, byvoorbeeld, kon nie glo dat God in daardie Man was nie. Dit was die grootste struikelblok waaroor hulle moes klim, dit was hoe Hy, terwyl Mens, nogtans Homself God maak. Hulle kon nie sien hoe God kon woon in menslike vlees nie. In alle eeue, in alle tye, God het altyd gewoon in mense. Die mens is God se agent. In elke geslag, God praat met Sy mense deur menslike lippe. Hy kies altyd iemand of iets wat Hy kan gebruik.

55 En Hy verwys na hulle, as so 'n struikelblok te wees, omtrent Abraham. Hy het gesê, vir hulle vertel, "As julle julself noem die 'kinders van Abraham,' Abraham julle 'vader,' hy het My dag gesien en gejuig om dit te sien. Abraham, die profeet." En geen twyfel dat Jesus na hulle verwys het, dat Hy aan hulle bewys het dat Hy die Messias was, omdat die teken van die Messias Hom gevolg het. En dit was die manier deur elke geslag, dit, die teken van die Messias. Maar tog Hy wat Homself God maak, die

Messias Homself, dit het hulle laat struikel. Hulle kon dit nie verstaan nie.

56 Nou, toe Abraham (wat hulle hulle vader genoem het) God ontmoet, Hy was ook in vlees, omdat Hy die vleis van 'n kalf geëet het, mieliebrood geëet, en melk gedrink, en botter, in die teenwoordigheid van Abraham, en tog was Hy God. Abraham het Hom herken, God, en Hom genoem "Elohim," wat die Almagtige Jehova is. 'n Man wat klere dra, met stof op Sy Liggaam, en onder 'n boom sit, vir skaduwee, en vleis eet en melk drink. Toe kon daardie koue, wreedhartige, selfsugtige, regverdige Jode Hom nie glo om die Seun van God te wees nie, en het Abraham hul vader genoem. En Hy het hulle laat weet dat Hy dieselfde dinge gedoen het, in Sy vlees, wat God in ander vlees gedoen het, toe Hy hul Vader, Abraham, ontmoet het. En Abraham het dit geglo. En hulle kon dit nie glo nie.

57 Julle sien, toe Abraham onder sy tent gesit het, omdat hy 'n keuse gemaak het, en daardie keuse word voor elke persoon gebring wat gebore word in hierdie wêreld. Die boom van goed en kwaad word gestel voor elke persoon. En toe Lot, sy neef, en hulle herders begin stry omtrent die grond; Abraham, wat 'n regverdige man was, het aan hulle gesê, "Laat daar net geen argumente tussen ons wees nie. Jy kies net jou pad om te gaan." Daardie plek kom in elke gelowige se lewe. En dit is voor jou vanmôre, en dit is voor my.

58 Lot het nie geglo dat hy sou terugval nie, maar hy het gaan kyk na Sodom waar dinge maklik was. En daar is baie maal dat ons kyk na die maklike weg. "Ek sal aansluit by hierdie sekere kerk, en, jy sien, niemand sal enigiets sê teen dit nie, want dis die grootste kerk in die stad." Die maklike weg! Baie maal doen ons dit, wanneer, ons is verkeerd!

59 Onthou, as jy Christus volg, jy sal gehaat word deur mense, want almal wat goddelik lewe in Christus Jesus sal vervolgings ly. En as jy na Christus kom, jy sal nie kom deur enige kerk of enige denominasie, of enige geloofsbelydenis nie. Jy sal kom deur die Bloed, dis die enigste pad in. En jy kan nie enigiemand saambring met jou nie, jy sal alleen kom en staan op jou eie belydenis en jou eie geloof. Jy sal nie inry op jou pastoor, of op jou moeder se geloof nie. Jy sal kom as 'n individu wanneer jy kom na God! En baie maal maak ons daardie dwase keuse.

60 Wat as Lot, toe hy gesien het alles is maklik . . . ? Hy het gesien waar daar baie geld en baie populariteit was, omdat hy 'n vreemdeling was, en 'n slim man, opgevoed, en 'n klomp sielkunde, en hy kon sekere dinge doen en tog sy geloof behou. Hy het gedink, "Ek het geloof in God, so ek sal net afgaan in Sodom en ek—ek sal 'n bietjie ekstra geld maak, en ek sal 'n groot man word, miskien 'n wonderlike prediker." Sien, jy het 'n keuse om te maak.

61 En die leke het 'n keuse om te maak. "Ek sal afgaan na hierdie sekere kerk hier. O, almal in die dorp dink dit is die beste! Tog, die burgermeester van die stad behoort aan daardie kerk." Nou, hy kon behoort aan 'n kerk wat regtig goed was, maar tog jy moet daardie kerk beoordeel en sy mense met die Skrif. Somtyds gaan hulle want dit is 'n populêre weg, die—die mense trek beter aan wat gaan na sekere plekke. En dis waar hulle maak 'n—'n fatale fout. Nou let hier op.

62 En Abraham, die enigste ding wat hy kon doen was om tweede keuse te neem. En somtyds is tweede keuse beter as die eerste, as dit geneem word soos daar. Let op, was nie lank, toe Lot die groot stad sien nie, hy het nie gesien sy vrou wat verander in 'n pilaar van sout nie, alhoewel, hy het nie gesien die vuur wat die stad verbrand het. Maar Abraham het die weg met die Here se verwerpte paar geneem. Hy het gebly in die woestyne.

63 En, tog, wat as Sarah sou sê. . . Nou onthou, Sarah was die mooiste vrou in die hele land. Daar was geen vrou so mooi soos Sarah nie. Almal, wat haar gesien het, het verlief geraak op haar. Nou, hoe maklik sou dit nie wees vir Sarah om so 'n soort van keuse te maak nie. Maar sy het gekies om te bly by Abraham.

64 O, vroue, moenie dat die Duiwel jul verblind nie, om populêr te wees en aan te sluit by *dit* en *dat*. Julle bly by Christus! Want, die uur is byderhand, groot verwoesting lê voor, erger as Sodom en Gomorrah, vir hierdie land. Sodom en Gomorrah sal 'n eer wees teenoor dit.

65 Nou, terwyl Abraham die pad geneem het wat gegee was aan hom deur God, en het die armoede van die land gehad, hy was glad nie vooruitstrewend nie. Maar tog het hy een ding geweet, hy het God gedien en hy het God geglo.

66 So eendag het daar drie manne gekom, en hulle was baie stowwerig en uitgeput, en Abraham het hul jammer gekry, hy het gesê, "Kom aan en sit onder die eike net vir 'n klein tydjie." En terwyl hy daar staan en met hulle praat, het hy herken dat hulle nie net gewone manne was nie. Deur hulle spraak, hulle was anders. En Abraham het gegaan en 'n kalf geslag en dit laat bewerk, en Sarah gekry om brood te maak en gereed te kry om hulle te voed.

67 Nou onthou, twee van hulle was Engele, Engele in menslike vlees, en een van hulle was God Homself. En die Een wat God was het Sy rug gedraai gehad na die tent.

68 En Sarah het in die tent gebly. Ek hou daarvan om te sien dat 'n vrou haar plek ken soos dit, nie uitgaan en haar man vertel wat om te doen nie, en elke keer as iemand kom. Maar sy het in die tent gebly. Sonder twyfel, miskien die skottelgoed gewas of iets gedoen.

69 En hierdie Een Wie God was, Hy het bly omkyk na Sodom, en Hy het hul vertel wat Hy sou doen. En twee Engele het afgegaan

daarheen om die Evangelie te preek. Maar Een het agter gebly, dit was die Een wie God was, en Hy het gesê, "Ek gaan nie terughou van Abraham die geheime wat Ek weet nie, omdat hy die erfgenaam van die wêreld gaan word."

70 O, ons het 'n reg vanmôre, kerk, om die geheime van die Koms van die Here te weet. Want, "Geseënd is die vredemakers, hulle sal die kinders van God genoem word. Geseënd is hulle wat honger en dors, want hulle sal gevul word. Geseënd is dié wat suiwer van hart is, want hulle sal God sien. Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die aarde be-erwe." Dan, as die kerk van die lewendige God die aarde sal be-erwe, daar is geen geheime wat van hulle weerhou word nie.

71 "Alles wat die Vader My vertel het, het Ek julle vertel," het Jesus gesê. En hulle kon Hom nie glo nie.

72 So in die dae van Abraham, soos Hy na hulle verwys het, Hy het gesê soos Abraham met die Engel gepraat het, en Sy rug gedraai was na die tent, en Hy Abraham vertel het Hy sou hom besoek met 'n kind. En Sarah, in die tent, het gelag. En Hy het gesê, "Waarom het Sarah gelag?" Wat het Hy gewys? "Hoekom het Sarah gelag?" Dit was net 'n paar uur voor vernietiging, toe dit plaasgevind het. Net voor vernietiging, daardie vuur het gekom uit die hemel en die stad gebrand, en daardie teken was gedoen.

73 En Jesus het gesê, "Julle doen verkeerd," aan die groot dokters van geleerdheid, na 'n godsdienstige nasie waar letterlik miljoene gelowiges was. Hy het gesê, "Julle doen verkeerd, onkundig van die Skrif asook die Krag van God." Aan 'n geslag soos daardie, wat goed opgeleide manne was, wat geleerdes was en opgevoede kerk. Wanneer 'n kind gebore is, dit was die eiendom van die kerk. Jy moes 'n Israeliet wees. Agt dae na jou geboorte, was dit besnyding, en jy was 'n Israeliet om mee te begin. En die priesterdom het gekom van die Leviete, wat opgelei was deur honderde jare in die Skrifte. Tog het Jesus gesê, "Julle doen verkeerd, onkundig van die Skrifte!" Hulle het hulle geken in hulle eie boek van geleerdheid, hulle het dit geken deur hulle eie geloofsbelydenisse, hulle het dit geken deur hul eie teologie. Maar Jesus het gesê, "Julle ken Dit nie, die Skrifte, ewemin ken julle die Krag van God. As julle Abraham geken het, sou julle My geken het. As julle Abraham se kinders was, julle sou My geken het, omdat Abraham gejuig het toe hy My dag sien, want hy het die dag vooruit gesien. Toe Ek voor hom gestaan het, in 'n liggaam van vlees, en dit gedoen het, hy het geweet dit was Ek, en hy het My genoem 'Elohim.' Maar hier doen Ek dieselfde ding voor julle, en julle noem My 'Beëlsebub.'"

"O," hulle sou sê, "ons het Abraham as ons vader."

"Noem Abraham julle 'vader'?"

74 Hy het gesê, "Tog, ons, ons behoort aan die kerk. Ons is 'n gelowige nasie. Ons is 'n groot volk. Ons is God se volk!"

Jesus het gesê, "Julle is die Duiwel, hy is julle vader."

75 Sou ek hierdie gaslag met daardie een vergelyk. Vandag, wanneer daar letterlik miljoene mense is wat Christendom bely, en minder weet van God as wat 'n Hottentot sou weet omtrent 'n Egiptiese ridder. Daar is manne en vroue vandag, letterlik miljoene van belydene Christene wat aanspraak maak op Christus, ken nie die eerste beginsel van die Krag van Sy opstanding, en nooit Sy goedheid gesmaak het nie. Hulle het nooit Sy Krag gevoel nie. Hul oë is verblind vir die Waarheid.

76 Gesê, "Julle is blind, leiers van die blindes. Sal nie . . . die . . . as die blindes die blindes lei, sal hulle nie almal in die sloot val nie?"

77 Toe het hulle gedink, "Ons is almal Christene. Ons is gelowiges. Ons behoort aan die hoogste kerk wat daar is. Ons rabbi's is die hoogsopgeleide geleerdes wat hulle is." En tog het Jesus hulle vertel dat hulle nie eers die Skrifte ken nie.

78 Sien hoe God dit weggesteek het vir die oë van die wyses en die verstandiges, en dit openbaar het aan kinderjies wat wil leer? O, die groot krag en die oneindigheid van God! Hoe goed is Hy nie vir diegene wat begeer om opreg voor Hom te wandel nie! Hy sal geen goeie ding weerhou nie.

79 En om die dag te sien wanneer ons nasie, ons wêreld, so besmet is met dieselfde ding!

80 Jesus wou hulle terreg regruk. Hulle het gesê, "O, Abraham is ons vader. En ons sal in Glorie wees, moenie jou daaroor bekommer nie, omdat ons glo in God. Ons is professors, en ons glo in God, en ons leer ons mense. En wie is Jy om hier rond te kom met 'n—'n misterieuse klein ou tekentjie en probeer om dit God te noem? Jy is niks anders as 'n Beëlsebub." Daar is dit, hulle het hul geloofbelydenisse en hul denominasie gehad.

Jesus het hulle gesê, "Julle is die Duiwel." Dink daaraan!

81 En ek vergelyk daardie geslag met hierdie een, vandag wanneer ons miljoene het wat by die kerke aansluit, ons het tiene van duisende. En God kom af en lewe weer in Sy kerk, en om dieselfde dinge te doen wat Hy daar gedoen het, om Homself dieselfde te maak, gister, vandag, en verewig. En mense draai hul rug daarvan, gedurigdeur, sommige om populêr te wees, sommige om nie 'n besluit te maak nie. Dit word geforseer op die mense! Jy moet 'n besluit maak. Jy kan nie neutraal staan nie. Jy moet sê "ja" of "nee." Jy sal nooit by daardie deur uitgaan dieselfde persoon wat jy ingekom het nie. Jy kan dit nie doen nie. Jy het 'n besluit om te maak. Maak dit vir Christus vanmôre.

82 Hulle het gedink alles wat aan die kerk behoort sal gered word. Jesus het gesê, "Nou is die poort, en smal is die weg, en min is daar wat dit sal vind."

83 Laat ek julle waarsku vanmôre, kerk, wees versigtig. Dit neem tyd vandag, in ons eie eiegeregtigheid, selfgenoegsame geslag van skynheiligheid waarin ons lewe. 'n Uur waarin manne en vroue staan in die kerke en in die banke, en gesange sing van God, en by daardie kerk uitloop en sigarette rook, en whisky drink, en na danse gaan, en—en lewe vir die wêreld, en vuil, smerige grappe vertel, en hulself "Christene" noem. Wanneer manne en vroue kan loop vanaf 'n preekstoel of vanaf 'n kerk, en vanaf 'n plek van die Krag van die opstanding, waar dieselfde Messias-teken rondom hulle beweeg, en nie 'n nuwe skepsel in Christus wees nie, daar is iets verkeerd. Wanneer die koerante dit kan uitbasuin; en kus tot kus, heen en weer, vanaf die ysstreke van die Noorde tot die tropiese woude van die Suide, God stuur dit, en die mense draai konstant hul rug daarop. Dan wat kan ons sê, wat kan ons doen? Ons kyk terug na die Skrifte waar Hy gesê het, "Nou is die poort, en smal is die pad, en min is daar wat dit sal vind."

84 Hy het gesê, "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." Luister, in die dae van Noag, die wêreld was bevolk omtrent soos vandag. Hulle wetenskap het ons s'n oortref. Hulle het sfinkse en piramiedes gebou en dinge gedoen wat ons nie vandag kan doen nie. 'n Uitermate, groot, slim nasie. En onthou, wetenskap sê vandag, "Dit is een minuut voor middernag." Dis een minuut voor die wekker die dooie uur slaan. Dit is later as wat ons dink. Ek hoop dat die-vertrou dat die Heilige Gees dit sal insink in elke gelowige se hart, "soos in die dae van Noag"!

85 Hoeveel is gered in die dae van Noag, uit daardie geslag? Agt, agt uit baie miljoene. Hy het gesê, "So sal dit wees by die koms van die Seun van die mens."

86 "En soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." Oor die tiene van duisende, was daar drie gered.

87 Jy sal vir my sê dan, "Prediker, wat omtrent al die duisende wat saam met Hom gaan wees?" Nou, broer, dit was opgemaak deur baie geslagte.

88 Ek sal verras wees as daar 'n dosyn kom uit hierdie geslag. "Nou is die poort, en smal is die weg, en min sal daar wees wat dit sal vind."

89 O, ek ken die kerke, wat hulle sê, "As jy jou naam op die boek sit en jy 'n lidmaat word, *dit*, jy is veilig." Daar is geen Skrif soos daardie nie. As alles hul naam op die boek het, en in—in die kerk, sal daar biljoene maal biljoene maal biljoene wees, alles sal ingaan. Dan sal daar alle soorte geeste daarbinne wees,

en in watter soort toestand sal die Hemel dan wees? Dink nou daaraan.

90 Iemand sal vir my sê, "Nou wag 'n minuut, Broer Branham. *So-en-so,* ek het gehoor hulle praat in tale, ek weet hulle sal dit maak."

91 Dit beteken glad nie dat hulle dit sal maak nie. Paulus het gesê, in 1 Korinthiërs 13, "Al praat ek met die tonge van mense en engele, en het nie liefde nie, is dit niks."

92 "O, toe ek gegaan het na *So-en-so* se byeenkoms. O, hy het groot, magtige werke gedoen. Ek het gesien hy maak die blindes om te sien."

93 Steeds, hy kan verlore wees. "Baie sal na My kom in daardie dag en sê, 'Here, het ons nie gepreek in Jou Naam nie, geprofeteer? Het nie, in Jou Naam, ek het bose geeste uitgedryf? Het ek nie, in Jou Naam, baie groot werke gedoen nie?' Hy sal sê, 'Gaan weg van My af, julle werkers van ongeregtigheid, Ek het julle nie eers geken nie.'" "Nou is die poort, en smal is die pad, en min sal daar wees wat dit sal vind."

94 Laat ek julle 'n paar beramings gee wat julle sal skud. Volgens mediese wetenskap, in die stad van Chicago, volgens die dokters se statistiek, dat daar dertig duisend aborsie gevalle in Chicago alleen, in dertig dae, wat die dokters het. Hoe baie van hierdie klein pille en dinge wat hulle van neem is aborsie gevalle?

95 Statistiek wys, in die Vernigde State, dat daar meer kinders buite-egtelik gebore word as heilige egtelike kinders. Het julle geweet die Bybel sê, in Deuteronomium 14:2, dat "'n buite-egtelike kind, dit sou vierhonderd jare neem vir dit om uit te loop"? Hulle kinders se kinders, se kinders, se kinders, se kinders, kon nie staan in die gemeente van die Here, vierhonderd jaar, tien geslagte. Veertig jaar in 'n geslag. Hulle groot-groot-groot-groot-groot-groot-groot-oupa was 'n buite-egtelike kind, hy is buite die prentjie! Nou wat? Wys my waar dit verander was?

96 Wat word van ons? En nou die buite-egtelikes, as gevolg van owerspel, en die sondige vrou wat aantrek op die strate soos mans, wat 'n gruwel is in die oë van God, sigaret rokers, skemerkelkie drinkers, sogenaamde belydene Christene. God verhoed dit, so 'n klomp prostitute! Dis reg. Hul noem hulself Christene? Geen wonder Jesus het gesê, "Nou is die poort, en smal is die pad, min sal daar wees wat dit sal wind."

97 Hulle wil hulself nie verneder nie. Hulle is styf. Kyk, toe Dawid vertel was van die sonde wat hy gedoen het, vinnig het hy bely, en God het hom liefgehad daarvoor. Jy vertel hulle van hulle sondes, hulle sê, "Ek sal nie weer die deur volstaan nie." Hoekom? Hulle het baie plekke om na te gaan, hulle kan gaan na daardie buite-egtelike skuilplekke wat daarmee sal verlief neem. Maar dit is tyd dat die predikers die volle wapen van God opneem

en die Woord preek sonder toegewing, Evangelie. Mense moet hulself verneder.

98 Daar is geen opregtheid meer onder Christene nie. Hulle wil sê, "Ek is 'n Metodis, ek is 'n Baptis, ek is 'n Pinkster," dit beteken nie [Broer Branham klap sy vingers—Red.] *soveel* vir God nie.

99 "Ek het in tale gepraat, ek het wonderwerke gedoen." Ons lê al die klem daarop wanneer dit een van die mees verblindende dinge is wat hulle kan doen. Sekerlik. Die reën val op die regverdige dieselfde as op die onregverdige. Die reën maak die oes nat dieselfde as wat dit die onkruid nat maak, Roy. Dieselfde reën, dieselfde Heilige Gees val op die mense. Dit beteken nog nie. . .Hulle natuur moet anders wees, van binne na buite. Nie 'n uiterlike manifestasie of demonstrasie, maar die Gees van die lewendige God binne in wat die persoon 'n nuwe skepsel maak, wat sy hart of haar hart verneder voor God.

100 Jy sê, "Prediker, jy bedoel om my te vertel jy twyfel of 'n dosyn uit hierdie miljoene en vier biljoene mense in die wêreld?" Ek twyfel of daar 'n dosyn sal wees wat die Wegraping maak. Dink daaraan! Ek vertel julle wat Jesus hier gesê het in die Evangelie. Dink daaraan!

101 Waarheen het dit gegaan? Omdat die onsedlikheid onder die mense gekom het, buite-egtelike kinders begin gebore word, dit delg hulle uit. Sien, ons kan hier staan vir ure, daardie dinge ons lewe in 'n verderflike, vervloekte, deur-en-deur verrotte geslag van mense. Geen wonder hulle kan geen teken sien nie, geen wonder hulle kan nie die Evangelie hoor nie, hulle het verhard, tog nog net so godsdienstig en vroom.

102 Het Jesus nie gesê nie, "Die Gees spreek uitdruklik, in die laaste dae sal hulle hardkoppig, hoogmoedig, liefhebbers van plesier meer as van God, verdragskenders, onbevredigd, wreedaardig, en veragters van dié wat goed is, 'n vorm van goddelikheid besit"? Sien? O, as jy kan skreeu, sekerlik. Jy kan praat in tale, sekerlik. Geloof sal duiwels uitdryf, sekerlik. Maar dit is nie waarvan ons praat nie.

103 Dan sal jy vir my sê, "Broer Branham, wat is die merk van 'n Christen? Wie sal gered word? Sal jy, Broer Branham?" Ek vertrou dit aan God. Ek weet nie. Ek glo dat ek is. Ek vergelyk my lewe, daagliks, met die Woord. As ek nie hierdie Woord naleef nie, dan is daar iets verkeerd, ek moet terug gaan en dit reg maak.

104 "Wel," sê, "Broer Branham, wanneer mense met tale praat, beteken dit nie hulle is gered nie?" Nee, meneer! Nee, inteendeel! Ek het gehoor hekse en towenaars praat in tale. Alle soorte onsin. Ek het gesien mense praat in tale en lewe met 'n ander man se vrou. Ek het gesien mense praat in tale, en spring op-en-af en skreeu asof die huis aan die brand was, en uitgaan en vals kontrakte sluit, en steel, leuens vertel, en alles. Hoe kan jy dit verwag? Nee, meneer.

105 Behoort aan die kerk, diakens in die kerk, vroom soos hulle kan wees. Verbeel jou, jy dink hulle koop petrol op Sondag? Nee. Maar Maandag doen hulle iets wat so vuil en verrot en gemeen is. God woon in die hart, nie buitekant nie, dis iets wat kom vanuit die hart.

106 "Nou is die poort, en smal is die pad, en baie min is daar wat dit sal vind." Soos dit was in die dae van Noag, agt uit daardie miljoene; soos dit was in die dae van Sodom, drie uit miljoene; so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens.

107 En julle sien die korrupsie waarin ons is. Julle sien hoe enige verbeelding van die mens, hy gaan uit en die Duiwel laat slim predikers staan in die preekstoel en laat die mense wegkom daarmee.

108 Die ander dag het 'n persoon gesê, "Ek sou jou nie laat staan in my preekstoel nie, jy sal my vroue laat mal word." Nee, hulle is al klaar so. Ek sal hulle na hul regte verstand bring, hulle vertel dat hulle moet ophou om daardie klere en dinge to dra. En, wel, iemand moet dit doen.

109 Ek het my vrou gesê, "Het ek mal geword, ek self? Is ek kranksinnig? Of, wat is fout met my?" Iets aan die binnekant kan nie stil bly nie. Ek moet Dit vertel, ek gee nie om wat enigiemand sê nie.

110 Sê, "Jy gaan jou bediening ruïneer." Wel, enige bediening wat die Evangelie kan ruïneer, moet geruïneer word.

God gee ons durf om te staan vir wat Waarheid is en om die Waarheid te praat daaroor! Dis 'n sonde, 'n skande!

111 "Nou is die poort," het Jesus gesê, "en smal is die pad." En jy dink dat miljoene, en al julle Metodiste, Baptiste, Presbyteriane, Pinkster gaan in, julle sal julle misreken op daardie dag. Jesus het gesê, "Baie sal kom en sit in die Koningkryk, en sê, 'Ek het 'n reg om hier te wees.'" Hy het gesê, "Maar die kinders van die Koningkryk sal julle uitwerp. Daar sal 'n geween en 'n gekerm en gekners van tande wees." Beter 'n opname maak vanmôre, Christen. Daar sal tien maal miljoene maal biljoene van belydene Christene wees, en getrou in hulle lewe, wat daardie poort sal mis. Jesus het so gesê.

"Hoeveel sal ingaan?"

112 Ek weet nie hoeveel sal gaan nie. Net een ding, "God, laat ek een van hulle wees!" Net so. Hy is die Regter. "Laat ek een wees."

113 Jy sê, "Broer Branham, hoe kan jy dan sê wanneer 'n Christen?"

114 Ek weet nie. Maar laat ek jou vertel wat die Skrifte sê. Sekerlik glo jy Dit. Toe die Heilige Gees gestuur is na die aarde, God het gespreek deur die Heilige Gees. Hy het 'n engel gestuur vooruit—vooruit, eers. En Hy het gesê, "Gaan deur die stad en

onder die mense, en plaas 'n merk op hul voorkop, op hulle wat smag en huil vir die gruwels, die regstelling van daardie dinge."

115 Wat is 'n gruwel? 'n Vrou wat 'n kledingstuk sal aantrek wat aan 'n man behoort. Dit maak God siek. Was jy al ooit waar iets gruwelik was? Hoe siek maak dit jou nie! Jy kan dit nie vat nie. 'n Vrou wat 'n kledingstuk aantrek wat aan 'n man behoort, dis hoe dit God laat voel; jy mag in die koor sing, jy mag elke dag bid, en skreeu elke dag, of vir die Here lewe elke dag, jy is verdoem in die Teenwoordigheid van God. Dis presies wat die Skrif sê. "'n Gruwel!" En hulle wat sulke dinge ondersteun sal 'n deel hê met sulke dinge.

116 God gee ons genade om te staan teen sulkes. As jy moet staan op jou eie, staan daar en hou die Woord van God in jou hand. Dit sal nooit faal nie.

117 Nou het ons gekom op 'n dag waar die gruwels van die mense. En die Engel het voortgegaan en verseël. Kry vir my een persoon in Jeffersonville, as jy wil weet wie dit gaan maak, vind vir my een persoon in ons stad wat smag en huil, aanhoudend gepla en bekommerd, en bid vir die gruwels wat gedoen word in ons stad. Kan jy jou hand opsteek en dit op een persoon lê? Neem dan hierdie Skrif, "Nou is die poort, en smal is die pad, wat lei na die Lewe, min sal daar wees wat dit sal vind." Dis die enigstes wat verseël word.

118 O, ek kan jou baie wys wat na die kerk gaan. Ek kan jou baie wys wat in die koor sing. Ek kan jou baie wys wat Sondagskool gee. Ek kan jou baie wys wat hoof is van—van groot vereenigings. Ek kan jou baie wys wat skreeu, baie wys wat in tale praat, baie wat in die Evangelie werk.

119 Maar wys my een wat diep in hulle hart so gepla is oor die sondes van die wêreld! Wys vir my een prediker wat kan staan vandag en daardie denominasies veroordeel. Wys vir my een prediker wat sal staan en die dinge sê, en daardie denominasies veroordeel. Hy moet liewer nie, hy sal uitgeskop word, dis sy koskaartjie.

120 Geen wonder Billy Graham het vir Jack Moore vertel nie, gesê, weet nie hoe my byeenkomste bly staan nie, gesê, "Hy is nie 'n Baptis, nog minder is hy 'n Metodis of 'n Pinkster." Gesê, "En almal is teen hom." Sekerlik, ek sê dit nie . . . Die rede hoekom ek sê, ek kan dit nie sê in die publiek nie. Ek dit sê vir my eie kerk. Ek het 'n stryd, omdat die uur van beproewing op my is.

121 Hulle sê, "As jy kom, dit sal alles reg wees, maar jy moet net niks Daaroor sê nie." Julle kan net sowel julle asem spaar.

122 Ek sal preek wat God sê om te preek! Dis reg. Een van daardie agt sal daar êrens wees. Een van hulle sal daar êrens wees. Maar op daardie dag wil ek nie skuldig wees daaraan om te sê ek het toegegee as gevolg van 'n sekere geloofsbelydenis of 'n sekere

kerk doktriene, of sekere denominasie nie. Ek het die Waarheid gepreek!

123 Hulle sê, "Hoekom nie, hoekom nie jou bediening, Broer Branham, wat lyk asof dit so groot is, hoekom kring dit nie uit soos daardie ander manne s'n doen nie?"

124 Daar is dit net daar. Daar's dit. Ek gaan in die stad in, dink julle die Gemeentes van God sal saamwerk met my? Nie met wat ek glo nie, hulle sal nie. Kry miskien een so nou en dan. Julle dink die Metodiste sal? Probeer, en vind uit. Wees my bestuurder vir 'n week. As jy ingaan, jy sal ingaan in die Naam van Jesus. Dis reg.

125 O, natuurlik, hulle sal jou daar kry, sekerlik, jou daar kry êrens in 'n plek, en sodat jy nie aan hulle gekoppel word op enige manier nie. En dan wanneer jy weggaan, sê, "O, nou, Broer Branham is 'n klein bietjie van sy verstand af, julle weet. Hy . . . "

126 As ek van my verstand af is, dan is die Bybel van Sy Lering af. Dis wat die Bybel sê! Ja, meneer. Kyk!

127 Jesus het gesê, "Hoekom noem julle My 'Beëlsebub'? Julle het Salomo geglo, sy teken van onderskeiding. Julle het sy dag geglo. Die Koningin van die Suide het gekom van die uithoeke van die aarde, om daardie gawe te sien, en sy het geglo toe sy dit gesien het. En julle sit en kyk daarna daagliks, en glo dit nie."

128 En Sy Eie broers het Hom nie geglo nie. Gesê, "Jy gaan na die fees," Hy het gesê, "maar Ek gaan nie nou nie." Hy het met 'n ander pad gegaan, omdat Sy Eie broers Hom nie geglo het nie. Dis reg. "Nou is die poort, en smal is die pad, en min is daar wat Dit sal vind."

129 Toe hulle gekom het by die dissipels, by die beslissende stryd, waar was hulle? 'n Vrou en 'n man het gestaan by die kruis by Hom, Johannes en Maria. Die res van hulle was weg.

130 Hierdie is die beslissende stryd. Dit is die tyd. Dit is wanneer God dinge doen. Dit is wanneer die Messias op aarde is. Dit is wanneer die Krag van God in Sy mense beweeg. En hulle noem hulle "dwepers, mal, kranksinnig," o, sulkes soos daardie. Maar die uur is hier!

131 Daar gaan sekerlik groot teleurstellings by die oordeel wees.

132 O, die drankhandelaar, hy weet waar hy gaan wees by die oordeel. So ook sal die bierdrinker weet waar hy sal wees. So sal die prostituut weet waar sy sal staan. So sal die dobbelaar weet waar hy sal staan. So sal die dronkaard weet waar hy sal staan. Hy sal nie teleurgestel word nie.

133 Maar waar die teleurstelling sal wees, dit is by hulle wat gedink het hulle is reg. Dis waar die teleurstelling. "Toe hulle daarbo kom, gesê, 'Sekerlik, ons het duiwels uitgedryf in U Naam. Ons is predikers. Ons behoort aan 'n sekere-sekere kerke. Ons het groot wonderwerke gedoen. O, ons het gepreek! Tog, ek

was 'n—ek was 'n opsigter in die kerk. Ek was 'n biskop. Ek was *dit*.' Gaan weg van My af, julle werkers van ongeregtigheid, Ek het julle nooit eers geken nie." Daar het julle dit. Daar is die teleurstelling. Hy het gesê, "Die kinders van hulle kinders sal inkom en sit in die Koningkryk van God en sê, 'Ons het 'n reg om hier te wees, en hulle sal uitgewerp word in die buitenste duisternis, waar daar 'n geween en 'n geskreeu en gekners van tande sal wees." "Nou is die poort, smal is die pad, wat lei na die Lewe, min is daar wat dit sal vind."

134 Aan julle, my dierbare mense, vanmôre, luister hierna. Ek het dit nooit versin nie. Ek is verantwoordelik vir die vertel Daarvan. Dis al waarvoor ek verantwoordelik is. As ek nooit 'n ander preek in my lewe preek nie, dit is die Waarheid: daar gaan slegs 'n paar mense gered word. Onthou dit net: net baie min. Wees jy een van hulle.

135 "Wie is hulle, Broer Branham?" Ek weet nie. Niemand anders weet nie. Ons werk ons eie redding uit met vrees en bewing.

136 Maar wees julle in lyn met God. As jou hart nie saam klop met die Bybel nie, dan is daar iets verkeerd, daar is iets verkeerd. Maak nie saak wat jou kerk sê nie, jy kan nie ingaan daarop nie. Jy moet ingaan met wat God sê. Dit is die Boek waaruit jy geoordeel word, die Bybel. Bly Daarby!

137 "O," jy sê, "wel, ek is gedoop in die Naam van die Here Jesus." Dit is reg, dit is die Bybel. Maar as daardie lewe dit nie volg nie, dit het jou nie baie goed gedoen om gedoop te word nie.

138 Jy sê, "Wel, ek het die Heilige Gees ontvang." Dit is goed, dit is wat jy moes doen. Maar as die lewe nie daarbinne is nie!

139 Onthou, die onkruid ontvang dieselde krag wat val op die koring om dit te laat groei, laat die onkruid uitroep, ook. Die klein ou onkruidjie staan regop en net so gelukkig soos die koring is. Dis reg, lewe met dieselfde lewe. En 'n sondaar kan bly in die Teenwoordigheid van God, die oorwinning uitroep, en lewe soos 'n Christen. Maar as daar nie iets anders in sy hart is nie! Hy kan dieselfde Krag hê om bose geeste uit te dryf. Jesus het so gesê. Hy kan die Evangelie net so goed soos enige ander prediker preek. Dit is presies wat, Jesus het so gesê. Die Bybel leer dit. Ja, meneer. "Al praat ek met die tale van mense en engele, al gee ek my liggaam om gebrand te word as 'n offer, ek gee al my goedere om die armes te voed. Ek—ek het geloof om berge te versit, ek doen al hierdie dinge. Ek preek in Sy Naam, ek dryf duiwels uit in Sy Naam," hy het gesê, "ek is niks." So, hy kon dit doen, en "niks." Kry die idee?

140 Nou, die ding om te doen is, vanuit jou hart, wees 'n Christen, nou gaan in deur die nou poort. Want, breed is die weg wat lei na vernietiging, en miljoene maal miljoene in hierdie geslag van gelowiges sal daarin gaan. Want, nou is die poort, en smal is die pad, net jy en Christus alleen.

141 "Smal is die pad wat lei na die Lewe, en min is daar wat dit sal vind." Nou, dit is die Woorde van ons Here. Goeiste! Wat het Hy gedoen? Daar gestaan, hulle gedagtes onderskei.

142 En hy het gesê, "Hy is Beëlsebub. Wel, hoe kan Hy wees van God? Hy is 'n Man! Waar het Hy hierdie wysheid vandaan gekom?" hulle het dit gesê in Sy Eie stad.

143 Wanneer jy stap in hierdie stad hier, dit lyk soos . . . Ek sê dit nie met enige miskenning van julle mense nie; julle is Christene, julle het my lief. Jy stap in die stad hier, en dit lyk of die krag van Satan jou plat slaan. Hierdie plek is veroordeel. Hierdie stad is veroordeel.

144 Wat het Billy Graham gesê toe hy Louisville binne gekom het? Hy het gesê dit is die "mees duiwel-besete plek" wat hy ooit in sy lewe gesien het. Het dit in die koerant geplaas, gesê, "Jy kan net die oorheersing van die Duiwel voel."

145 Natuurlik, ek sou dit voel. Hoekom? Dis my eie huis. Toe Jesus teruggekeer het na Sy Eie huis, het Hy gesê, "Baie magtige werke kon Hy nie doen nie, as gevolg van hul ongeloof." Gesê, "'n Profeet is nie sonder eer, 'n prediker, behalwe in sy eie-in sy eie land, onder sy eie mense." Sien? Julle kan dit nie help nie, die Skrif sê so. Sien?

146 Nou, wanneer jy stap in die stad hier! Moet my nie vertel nie, ek weet nie. Ek loop op na die mense wat my hand skud en sê, "O, Broer Branham, ek het jou lief." En jy weet dis 'n leuen! Jy weet dit is 'n leuen. As God my onderskeiding van die hart kan wys, hoekom kan Hy my dit nie vertel nie?

147 Sekerlik, en reg onder jou eie mense regoor die stad! Wanneer hulle jou sien, sê hulle, "Wel, jy weet, ek het gesien waar 'n sekere-sekere."

"Waar? Waar was dit?"

"Daarbo . . . "

"Huh! Ons ken daardie vent!"

148 Jy voel dit. Laat ek julle vertel, jy laat iemand kom na jou huis wat nie baie van jou hou nie, sit in jou huis net 'n klein bietjie en voel daardie snaakse gevoel. Vermenigvuldig dit met veertien duisend, dan kry jy waarvan ek praat. Dan kom jy in 'n plek waar almal jou lief het, daardie welkome gevoel, net, o, goeiste, en jy kan net daar bly vir ewig, sien. Dit is dit, sien, dis 'n gees. En mense weet nie wat dit is nie, hulle wonder hoekom die mense so besoedel is.

149 Wat laat goeie vroue, wat laat goeie vroue daardie vulgêre klere aantrek en daar uitgaan? Wat laat, selfs nou wanneer dit nog koud is, klein sestien jaar oue meisies, met klere wat sy nie voor haar ma moet dra nie, en buite op die straat? Dis omdat, nie daardie kind (daardie kind weet nie enige beter nie), maar omdat 'n sekere prediker op die preekstoel misluk het in die hou

van sy plek van diens. Dis presies reg. Sekerlik. Vroue gaan op die straat, en alles sexy aangetrek en dinge soos daardie, en sondaars kyk na hulle en weet nie dat sy eintlik net so skuldig is, as wat sy sou lewe met daardie man nie. Jesus het so gesê! Jesus het gesê, "Wie ookal kyk na 'n vrou om haar te begeer, het alreeds owerspel gepleeg met haar in sy hart, en sal daarvoor verantwoording moet doen op die dag van die oordeel." Nou is die poort, en smal is die pad!

150 Ek weet julle dink ek is 'n harde man. Ek is nie hard nie! Ek is julle broer, en ek het julle lief.

151 Vlug van die toorn wat gaan kom! Gaan na die kruis en huil totdat jou hart gevul is met Sy Gees, dit sal jou wegdraai van alles van die wêreld, en goddelik laat wandel voor Hom, met jou hart wat brand vir Hom. Liefde! Nie 'n plig nie. Christus is nie 'n plig nie, om Christus te dien, dis 'n liefde wat Christus dien. Dit dwing jou, bedwing jou, totdat elke polsslag van jou lewe saam met Hom klop. Dis wanneer jy sonde sien.

152 En Hy het geween op die aarde. Dit het God bedroef in die dae van Noag, toe Hy die harte gesien het. En Jesus het gesit boop die heuwel, en gesê, "Jerusalem, Jerusalem, hoe dikwels wou Ek julle bymekaar maak, maar jou uur het gekom en jou huis is verlate gelaat."

153 So sal dit wees by die koms van die Seun van God, die harte van die regte ware gelowige is gebreek. Hy sien nou dat daar behoort 'n herlewing deur hierdie land te trek. Hoe kan dit geskiet deur 'n klomp buite-egtelikes? Hoe kan dit wees, wanneer hulle verdoem is om mee te begin?

154 Die Koningkryk van God is soos 'n man wat 'n net uitgegooi het in die see, en, toe hy dit ingebring het, het hy gehad skilpaaie, varswaterskilpaaie, slange, paddas, 'n paar visse. Was nie hy wat moes besluit watter, hy het dit net uitgegooi op die kant. Dis wat die Evangelie doen. Dis wat Billy Graham, Oral Roberts, ek self, en al die ander predikers wat die Evangelie preek, gooi dit uit, trek dit in. "Daar is hulle, Here." Maar wat doen ons elke keer? Ons vind uit, voordat jy weer kan teruggaan, hulle is net weer terug in die dam. Wat is dit? Om mee te begin, dit was 'n skilpad. Dit het hom nie verander nie, om in die Evangelie net gevang te word nie. Hy was 'n skilpad om mee te begin. Hy was 'n varswaterskilpad om mee te begin. Hy was 'n slang om mee te begin. Hy was 'n skynheilige voordat hy in die kerk gekom het. Hy het geen begeerte gehad om eers sy drinkery en dobbelary, en rokery en leuens, en stelery mee op te hou nie. Hy het net ingekom omdat hy bang was vir die hel. Julle maak julself meer van 'n kandidaat daarvoor, wanneer julle dit doen. Dis waar. "Nou is die poort, en smal is die pad, en min is daar wat dit sal vind."

Kom ons bid.

155 Here, o, deursoek my, Here. Beproef my saak nou, Here. Moenie dat ek hoef te kom voor die oordeel voor U nie, nadat gepreek het op hierdie manier. O, as daar enige vuil ding is in my, Here, neem dit weg, asseblief! Ons sien 'n dag waarin ons lewe, wanneer manne en vroue so styf word. Hulle is skaam. U het eenmaal gesê, "Daar word nie eers gebloos onder die dogters van Sion nie." Hulle beskeidenheid is so weggevat totdat hulle nie eers meer bloos nie. O Here, dink daaraan! En weet dat daardie uurwerk daaronder aanstap, net 'n minuut of twee meer, en daardie groot verwoesting sal kom, dan laat hom wat vuil is, vuil bly.

156 God, maak ons wakker vanmôre. Skud ons, Here! Ons sien die tekens verskyn. Ons het ons oë oop om dit te weet. Ons sien miljoene, miljoene, Here, wat hulle rug gedraai het en weg gaan. Ek wonder, wat kan ek doen, wat kan ek doen, O Here? Is daar enigiets, Here? As dit meer prediking kos, meer gebed, meer enigiets, help my, Here, dat ek die Boodskap mag bring na die mense. Wat kan ek doen? Maar hulle keur Dit af aanhoudend. U doen U groot tekens en verrig U wonders, en tog stap mense net aan. Is dit U Skrif wat vervul moet word, is dit die tyd dat "Geen mens kan na My kom sonder dat My Vader hom trek nie, en almal wat die Vader My gegee het sal na My toe kom"? Here God, gee vanmôre dat mense sal wakker word en hierdie laaste teken van die aarde sal sien. Ek bid, God, dat U iets sal gee vir die mense.

157 Seën hierdie klein mensies hier vanmôre. God, begin met Broer Neville, Here. Genees sy liggaam. Hy is siek vanmôre, Here, sy maag is ongesteld. Ek bid dat U genesende Hand op hom sal wees. Roer sy siel.

158 God, gaan uit onder hierdie gemeente. Daar is manne en vroue hier wat ek nooit weer mag sien totdat daardie dag van die oordeel nie, dan sal ek rekenskap moet gee. Maar ek het U Woord gelees, "Nou is die poort, en smal is die pad, en maar min is daar wat dit sal vind." O Here, laat hierdie daardie "min" wees, of sommige van hulle, sal U, Here? Gee dat elke persoon hier.

159 Ek bid soos 'n man net kan bid. Here, hierdie mense sal enigiets doen vir my, sover om my te help. As ek honger was, sou hulle my voed. As ek 'n pak nodig het, sal hulle dit koop. Hulle sal saam gaan en vir my 'n kar koop, om die Evangelie te preek. Hulle sal enigiets doen op daardie manier. O Vader, deursoek hulle siele vanmôre, doen dit asseblief, en laat hulle dit deursoek vanmôre voor U. Ek weet nie, ek vertrou dat elkeen van hulle is daardie Uitverkorene. En plaas my ook daar, Here. En as daar enige rede in my is dat ek nie daar kan wees nie, Here, openbaar U dit aan my, ek sal dit regmaak, nou dadelik. Ek wil seker wees, Here, dat op daardie oggend daar geen probleme by die rivier sal wees nie. Ek wil ingaan daardie dag. En ek weet nie wanneer dit sal

wees nie, dit mag nog vandag wees. So, help my om te weet, help hierdie mense om te weet.

160 En wanneer ons sien ons harte is onbekommerd! O, ons geniet 'n goeie Boodskap om te luister na die radio, of gaan na die kerk. Ons waardeer 'n goeie Boodskap. Ons gee nie om om te praat van Jesus iewers nie. Maar, Here, is sondes so 'n las vir ons dat dit trane bring in ons oë, smagtende en huilende en staan daarteen, alles, die afskuwelike dinge wat gedoen word in die stad? Here, laat die Engel van God dit sien op ons, en ons merk. Skenk dit, Here.

161 Selfs dan kom, Here Jesus, nou en berei ons harte, en gee ons U ware teken dat U in ons midde is, dat ons mag weet dat ons ontvang—ontvang die laaste teken voor die einde van hierdie geslag.

162 En ons sien die buite-egtelike, wanneer manne wat lewe in hierdie nasie en babas gebore word by ander mans se vroue, en—en klein meisies op die straat, en honderde weggewys van die skole elke jaar en tieners wat moeders word, en daar is geen respek nie, en hoe dat die vroue gif word, hulself, deur rook en—en drink, en televisies ensovoorts wat die verstand van die kinders besmet. O Here, hoe lank kan dit staan? En U, 'n Heilige God!

163 O Vader, ek—ek het 'n snaakse gevoel vandag dat iets vinnig gedoen moet word, Here. Ek weet nie wat om te sê nie, maar ek bid, Here, dat U in ons harte sal plaas wat om te doen. Skenk hierdie dinge, Here. Ons vra hulle in Jesus Naam. Amen.

164 Die uur is byderhand. Elke verstandige persoon wat verstand het, weet dat iets gereed maak om te gebeur. Daar is nie 'n persoon in hierdie gebou nie, wat sy regte verstand het, maar wat weet dat hierdie wêreld nie kan staan onder hierdie toestande nie.

Ons kan nie staan nie, vriende. Daar is nie een ding nie, as julle pastoor en julle broer, daar is nie een ding waarna ek julle kan lei vanmôre as na Jesus Christus nie. Daar is nie 'n ding wat ek weet nie. Dink net aan dinge wat geprofeteer is wat moet kom voordat die Wegraping plaasvind, alles waarvan ek weet is al klaar volbring.

165 Jy sê, "Wat van die merk van die dier?" Dit moet kom in die Verdrukking. Die Kerk sal weg wees dan. Hoef nie hierdie te merk nie, hierdie is reeds weg, sien. Die merkery gaan nou aan. Die merkery is die vooruitwysing van, die brandmerk. Vlug na God, vlug na Hom vinnig!

166 Ek wonder vanmôre, terwyl ons wag hier vir 'n minuut. Ek voel soos julle. Ek—ek kan julle gevoelens aanvoel, elkeen van julle probeer om te dink, "O God, deursoek my!" Dis die manier hoe ek ook voel. Ek besef dat hierdie Boodskappe soos hierdie, vriend, dit is nie populêr onder die mense nie. Julle veroordeel

hulle en julle ver-. . . julle—julle maak hulle net laag. Iemand moet dit doen. Ek wens dat dit miskien iemand anders was. Maar as dit my lot is om dit te doen, as ek die skropvrou moet wees, laat my skrop. As ek. . . Dawid het gesê, "Ek sal liewer die deurmat in die Huis van God wees, as om te woon in die tente van die sonde." Dis reg. Wat ook al God wil hê jy moet doen, doen dit. Moenie skaam wees nie. As daar. . .

167 En, onthou, ek weet dit is 'n groot ding. Sê, "Broer Branham, jy sê net agt siele sal gered word?"

168 Ek weet nie hoe baie gered sal word nie, ek kan julle nie sê nie. Maar ek sê julle een ding: daar sal so min wees, in 'n dag soos hierdie. Dink net, in daardie dag waar Hy was, hoe baie was gered. Dink aan die dag van Noag, en die dae van Lot—Lot, en almal van hulle, Hy het gesê, "So sal dit wees by die koms van die Seun van die mens, want, nou is die poort, en smal is die pad." Jy sien, jy gaan in by jouself, met Hom, en dis al. Sien? "En min is daar wat dit sal vind." Hoeveel glo dat dit die Evangeliese Waarheid is? Jesus Christus het so gesê, "Min is daar wat dit sal vind." Net baie min. Wees een van daardie paar. Ek weet dit is hard, dit is stremmend. En dit strem my om dit te sê, voel 'n menslike liefde vir julle, maar die liefde van God verplig my om julle te vertel.

169 Nou, dieselfde Heilige Gees wat opgetree het in die dae van Abraham, het opgetree in die dae van Christus, het belowe om hier te wees om dieselfde ding te doen. Hy is hier. Nou, as ek julle die Waarheid vertel het, God is gebonde aan daardie Waarheid.

170 As ek nie my woord hou nie, is ek nie 'n man van my woord nie. As jy nie jou woord hou nie, is jy nie 'n man van jou woord nie. Nou, ek mag jou iets belowe wat ek nie kan doen nie, maar—maar ek sal jou kom sê. As ek jou iets skuld, en dit van jou wegsteek, is ek 'n skynheilige. As ek na jou kom en jou sê, "Ek skuld jou, maar ek kan jou nie betaal nie, maar ek sal die beste doen wat ek kan," dan vergewe jy my en help my. Sien?

171 Ons almal skuld God iets. Ons skuld Hom ons lewens. Laat ons eerlik wees daaroor. Uitstap en sê. . . Nie sê, "Wel, nou kyk, ek is—ek is Presbiteriaans. Ek is Metodis. Ek is Pinkster. Ek is Kerk van God. Ek is Nasareër. Ek is Pelgrim Heiligheid." Moenie dit dink nie! Daar sal miljoene van hulle in die hel wees. Wees jy 'n Christen, in Christus.

172 Hoeveel sal sê, "Broer Branham, onthou my in gebed nou, ek wil opstaan"? God seën jou.

173 Here, U sien hulle hande. Die uur is hier, die groot Heilige Gees het die gebou stil gemaak vanmôre. Ek voel U Teenwoordigheid. Ek besef dat U hier is om U Woord te eer. "Ek die Here het geplant, en Ek sal dit water gee dag en nag, uit vrees dat sommige dit uit My hand sal pluk." U het U Woord

voortgestuur met 'n doel, en Dit sal—Dit sal dit moet doen, Here. Die Skrif sê dat U dieselfde gister, vandag en vir altyd is.

174 Hulle kon nie glo nie, daardie mense in U dae kon nie glo dat die Heilige Gees in U was nie. En U het Uself (terwyl 'n Man) God gemaak, wat, U was maagdelik gebore Seun van God wat na die aarde gekom het om ons van ons sondes te verlos. En omdat hulle die Gees van God in U gesien het, het hulle probeer om dit anders te maak. En U het hulle vertel, Here, "Dit is nie Ek wat hierdie werke doen nie, dit is My Vader wat in My woon. Hy doen die werke. As julle Abraham julle 'vader' noem. Abraham het My dag gesien." Sekerlik, hy het, toe hy by Hom gestaan het, gesien hoe Hy die werke en tekens doen. "Hy het My dag gesien en gejuig." Gesê, "Julle fouteer, onkundig oor die Skrif asook die Krag van God, hoe dat God 'n maagd kon oorskadu, en 'n Seun voortbring (deur 'n maagdelike geboorte) en Self woon in die volheid van Sy Krag, in daardie een Man."

175 En hoe Hy dieselfde Bloed kon neem van daardie Liggaam wat Hy gegee het as 'n Offer, en 'n volk heilig gemaak het sodat Hy Self daarin kon woon, Sy werk kon voortsit tot die einde van die voleinding! O God, maak mense wakker om dit te sien. Skenk dit. Red elkeen wat hulle hande opgesteek het. Reinig hulle harte, Here, my hande is op. Reinig my, O Here. Dit is 'n huis van teregwysing. Dit is 'n plek waar ons gewas moet word. Laat die Heilige Gees ons was vanmôre, en reinig ons van alle korrupsie.

176 Ons bid, Here, dat daar nie een persoon hier sal weggaan, maar wat gevul is met U Gees nie. Miskien sal daar nie een emosie wees aan die buitekant wanneer dit gebeur nie. Maar, Here, gaan aan die binnekant, trek die dop af en wys ons waar ons is, Here. Skenk dit. En vul ons dan met U Gees, met 'n hart wat opreg en rein is. En in hierdie tyd van verdrukkings en harde beproewinge, U sal soeter en kosbaarder vir ons word soos ons aanstap, wagtend vir daardie dag. Terwyl trane oor ons wange loop, vir die sondes van die stad, mag die Heilige Gees afkyk en sê, "Daar is een wat Ek kan merk, hy is Myne, sy is Myne." Skenk dit, Here. Mag dit gevind word onder ons vandag. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Wanneer ek kom by die rivier by die einde van
die dag,
En die laaste winde van smart het gewaai;
Daar sal iemand wagtend wees wat my die weg
sal wys,
Ek hoef nie oor die Jordaan alleen te gaan.

Ek hoef nie oor die Jordaan alleen te gaan nie,
Jesus het gesterf al my sondes te versoen;
Wanneer ek duisternis sien, Hy sal wag vir my,
Ek hoef nie die Jordaan alleen oor te gaan.

177 Ek wil Hom nou ken. Neem my hand, dierbare Here, lei my voort, laat my staan. Laat my staan hier, Here, teen alles wat verkeerd genoem word, alles wat verkeerd lyk. Ek gee nie om wat enigiemand sê nie, laat my staan, Here. Wanneer ek alles gedoen het wat ek kan, help my staan. Neem my hand en trek my deur, Here. Doen iets, laat my staan. Wanneer daardie dinge kom, en die skatte van die wêreld en al sy prag en sy glorie; verblind my oë daarvoor, laat my net sien Hom Wie vir my gesterf het. Al kos dit elke vriend wat ek het, al kos dit alles wat ek het; dit beteken niks nie, ek gee dit alles oor op die altaar. Presies, laat my trou staan. En eendag wanneer die asem blaas teen my gesig, en ek weet dat my hart weg is en my dae klaar is, en my tyd is op en my kaart is geneem van die rak, ek wil nie die Jordaan alleen oorgaan nie. Hy sal daar wees. Ja. Wanneer ek die duisternis sien, Hy sal daar wag vir my, ek hoef nie die Jordaan alleen oor te gaan nie. As ek nou vir Hom staan, sal Hy dan vir my staan. Ek sal lewe vir Hom, Wat gesterf het vir my, hoe gelukkig sal my lewe wees. Dis die manier waarop ek wil staan.

178 Ek neem aan daar is siek mense hier. Het hy enige kaarte uitgegee? Ek vergeet. Het hulle enige kaarte uitgegee? Is enige kaarte uitgegee? Enigiemand wat gebedskaarte het? Nee.

179 Ek wag net vir die Heilige Gees. As julle net, net glo, hê net geloof, moenie twyfel nie. As God sal openbaar aan my julle probleme . . . Wat okal dit is, ek weet nie; as jy jou hand opsteek, jy ken my nie en ek ken jou nie. Dan as God hier sal openbaar, sal jy glo dit was dieselfde Engel wat die Boodskap gebring het in die verlede net voor die vernietiging, dit sal dieselfde Engel wees wat dit nou sou bring net voor nog ’n vernietiging. Sal jy dit glo? As jy sal, steek jou hand op. Goed. Goed, mag die Here dit skenk.

180 Hy sit naby aan my. Daar is nog een wat naby my sit, is Mev. Snyder, hier, of hierdie Mev. Murphy hier, wat haar naam is, sit reg hier. Ek ken hulle.

181 Ek ken nie hierdie man nie, hy is ’n vreemdeling vir my. Maar God ken hom. As God dit nou sal openbaar, hoeveel van julle weet dat dit is nie . . .

182 Moenie na my kyk nie. Ek is ’n Kentucky bergbewoner, so vêr as wat dit betref. Ek—ek het nie eens genoeg opleiding skaars, om—om my eie naam te skryf nie. Maar daar is een ding wat ek wel ken, ek ken Hom. En dit, dit is—dit is al wat ek omgee om te weet. Nou, moenie—moenie enige aandag skenk aan my taal nie.

183 En julle mag dink dat my Preek vanmôre was heeltemal buite plek en alles, lyn julle dit maar net eenmaal op met die Bybel en kyk of julle nie reg op die nulteiken is nie. Kyk of jou teleskoop nie in is wanneer jy—wanneer jy dit daarop rig nie. Moet dit nie oplyn met jou eie gedagtes nie, maar lyn dit op met wat Hy gesê het. “Nou is die poort, smal is die pad, en min is daar wat dit

sal vind; want breed is die pad wat lei na vernietiging, en wyd is die poort, en baie sal daarin gaan," miljoene maal miljoene sal daar ingaan. Een uit 'n miljoen sal waarskynlik die manier wees hoe dit sal kom. Daar het jy dit. Dis wat Hy gesê het. Nou, Hy het nooit daardie getal gegee nie, maar Hy het gesê, "Soos dit was in die dae van Noag, agt siele. Soos dit was in die dae van Sodom, drie." Uit die hele ding, drie was gered, deur vuur. So sal dit wees.

184 Nou, as enigiemand regtig geestelik is, ek wil hê hulle moet kyk na hierdie man wat hier sit, hy hou my net so konstant dop as wat hy kan. Sy hand opgesteek, ek ken hom nie; hom nooit gesien nie, en ek weet niks van hom nie. Hy sit net hier en kyk na my. Maar, sien, hy maak 'n kontak, hy bid. Nou, dit is reg. Nou, as die Here my sal sê. . . Daardie man wat so vêr van my sit, en dit is ons eerste ontmoeting, en daar sit hy daar. As die Here aan my sal openbaar wat sy—wat sy. . . ek—ek kan hom nie gesond maak nie. Ek kan nie, ek kan dit nie doen nie, want God het dit alreeds gedoen. Maar dit sal julle geloof laat toeneem. Almal sien nou, Hy is reg hierso, net dieselfde Gees. En onthou, Jesus het dit belowe, voor die eindtyd. Dit was altyd die laaste teken.

185 Die ander dag, Leo en ek het gesit op die straat, en sommige van ons het gepraat. En ek het aanhou voel daar is 'n verandering wat kom, 'n verandering wat kom. Toe ons daaroor praat, dit sal nie 'n verandering wees in my bediening nie, want dit kan nie meer wees nie, maar dit sal 'n verandering wees in my. Ek was altyd 'n swakkeling en het mense net laat lei en begelei, en *hierdie* kant en *daardie* kant stuur. As ek iets gedoen het wat die Here my gesê het om te doen 'n lang tyd gelede, ek sou nie in die moeilikheid gewees het waarin ek vandag is nie. Ek gaan uit, hierdie volgende week, om alleen met God te wees. Ja, meneer. Ek—ek moet van die Hemel hoor. Ek wil nie 'n swakkeling wees nie, ek wil staan op my eie oortuiginge.

186 Die man, dit bly terug kom na hom toe, hy sit daar agter, want die man glo, hy glo werklik. Ek kyk na die gehoor oral, en dit val presies reguit terug na die man. Hy het 'n behoefte, hy is belas, maar hy is belas vir iemand anders. Dis reg. Jy bid vir iemand anders. Jy het iemand anders op jou hart. Dis reg, is dit nie? Dis 'n vriend. As ek jou vertel wat die probleem met daardie vriend is, sal jy glo ek is God se dienaar. Dis alkoholis. Dis reg. As dit reg is, steek jou hand op.

187 Glo jy? Iemand aan hierdie kant het hul hand opgesteek, 'n vrou daar agter, iemand. Ja. Ja. Jy ken my nie? Ek is 'n vreemdeling vir jul almal? Ek ken julle nie, maar God ken julle. Glo julle dit? As God aan my sal openbaar wat op jou hart is, sal jy glo ek is Sy dienaar? Klein dametjie, waaroor jy bekommerd is is daardie baba daar. Dis reg. En daardie baba het ekseem op sy gesig. Die dokter kan niks daarvoor doen nie. Jy is 'n vreemdeling hier, en jy en jou dierbare wat daar sit. Glo jy God kan my sê wie

jy is of waar jy vandaan kom? Glo jy dit? Sal jy die gesondmaking van jou baba aanvaar as Hy sal? [Die dame sê, "Ja"—Red.] Alles reg, jy kan teruggaan na Somerset, Kentucky, waar jy vandaan kom. En glo dat hy gesond sal word, jou ekseem sal die baba verlaat as jy dit kan glo.

188 Toe ek daardie woord noem, iemand wat daar agter staan in die saal, van Somerset, Kentucky, biddend, met 'n hart probleem. Glo jy dat God hulle sal gesond maak? As jy glo met jou hele hart, en glo dat God sal genees en sal gesond maak.

189 Hier, hier is, ek glo daar is iemand se hand wat opkom, reg langs hierin, reg langs, 'n dame. Ja, ek sien jou hand. Ek is 'n vreemdeling vir jou, dame? Ek ken jou nie? Ons het nooit ontmoet nie? Glo jy dat ek Sy dienaar is? [Die dame sê, "Ja"—Red.] Jy sal? Jy het 'n las op jou hart, of iets. Jy glo dat as God dit aan my kan openbaar, jy glo dit is dieselfde Gees wat in Christus was? Jou man wat daar sit, hy glo dieselfde ding, ook? Sal jy dieselfde glo? Dis omtrent julle klein dogtertjie wat daar langs julle sit. Dis reg, sy het kanker. Maar glo julle dat God haar sal gesond maak? As julle sal, steek julle hand op. Goed, lê julle hande oor op die kind.

190 Here Jesus, in die Teenwoordigheid van U Gees, ek bestraf die duiwel wat daardie kind doodmaak. Ek plaas, deur geloof, die Bloed van Jesus Christus tussen daardie moordenaar en die kind. Laat dit lewe. Amen.

191 Hê geloof in God. Moenie twyfel nie. "As julle kan glo, alle dinge is moontlik." As julle kan glo, alle dinge is moontlik. Korrek.

192 Nog iemand daar agter het hul hand opgesteek, iewers, u, 'n dame oorkant op die punt. Glo u dat ek God se dienaar is? Ek ken u nie, u ken my nie. Glo u dat God aan my kan openbaar wat u probleem is? Sal u Jesus aanvaar as u Gesondmaker en Voorsiener, wat okal dit is, wat okal dit. Glo u dit dan? Goed, dan sal daardie senuwee ineenstorting wat u gehad het, dis wat u gehad het. As dit korrek is, staan op u voete, as dit korrek is, net sodat die mense sal sien dat dit die waarheid is. Goed, dit sal u nou verlaat. Gaan u huis toe en wees gesond. God seën u.

U is van Kentucky, ook. Uh-huh, dis reg.

193 Daardie dame wat langs u sit is van Kentucky, ook. Sy is, ook. Ek ken u nie, ken ek? Maar ek kan u vertel u het iets verkeerd met u. As ek u kan vertel wat verkeerd is met u, aanvaar u Christus as u Gesondmaker? Dis u heup. As dit reg is, steek u hand op, hoog op sodat die mense kan sien. Goed, gaan nou huis toe, dit sal u verlaat. U geloof maak u gesond.

Ek daag julle uit om te glo. Ek daag julle geloof uit om te glo.

194 Hier sit 'n dame hier, biddend, het 'n sakdoek op haar gesig. Ek ken u nie. God ken u. U is van Juliet, Illinois, en u het 'n

gewas. Dis presies reg. U mag wonder . . . (Ja, dit is die—dit is die vrou wat Rosella gebring het. Dis reg. Wag, sy het vir my vertel daarvan, maar sy het nooit geweet ek het nooit die vrou geken nie. Dis reg. Was net die geval dat die vrou se geloof groot was.) Ek sal u een ding sê u—u weet dat ek nie weet nie. U bid vir hierdie kind wat sit op die end van die sitplek, wat siek is. Dis u kind. Dis reg. Amen. U weet ek het dit nie geweet nie.

195 Daar is Dit, Dis die Heilige Gees! Glo julle Dit? Aanvaar julle Dit? Dan as dit reg is, wat ek gesê het omtrent "nou is die poort, en smal is die pad" is reg. Jesus Christus, God se Seun, is nou reg hierso. Die Gees van die lewende God is reg hierso. Glo julle Dit? Dan, om julle te laat weet dat ek niemand is wat gesond kan maak nie, ek is nie 'n geneesheer nie, maar die Gees van God het my net gekies om Homself te manifesteer. Ek het nie enige opleiding nie. Ek het geen kennis of enigiets nie. Maar dis Sy Gees wat dit doen, julle sien, en Hy wil hê dat julle moet weet dat ek julle die Waarheid vertel het.

196 Dit is die Waarheid, dat Jesus Christus elkeen van julle gesond maak nou dadelik as julle dit glo. Nou net soos . . . As dit gewerk het in Kingston, met die sendelinge, of wie okal daar agter is, gesien hoe Dit werk in Kingston, by die duisende wat genees word, hoekom wil Dit nie werk hier in hierdie Amerika waar ons die toestand het soos dit nou is. Hoekom kan ons dit nie glo nie? Omdat ons nie daardie klein riffie daaronder kan oorsteek nie. Glo julle dit? Steek julle hande op.

197 Nou, hierdie einste hande, lê dit op iemand langsaan jou, laat my bid vir hom hiervandaan, en moenie enige twyfel in jou hart hê nie, dit sal dit beëindig.

198 O, goeiste, Broer Neville! Hoe ek gewens het, hoe ek gebid het, hoe ek . . . Julle mag dink ek is buite myself; ek is nie. Ek weet presies waar ek is. As ek net kon hierdie klein dingetjie oorbring na julle! Besef julle dat Jesus Christus, God se Seun, hier in die midde van die mense is vanmôre, op hierdie oomblik, nou teenswoordig, Homself vertoon?

Wel, julle sê, "Broer Branham, *jy* sê dit."

199 Hoe sê ek dit? Ek ken julle nie. Daar is nog 'n vrou met TB. U is gesond, suster. Seën u. Verskoon my, u het gebid vir 'n vrou met TB, want dis 'n vrou met grys hare. Ja. Goed, glo dit. Goed. Hy is hier. Dis Sy Teenwoordigheid.

200 Nou, hier is wat Hy gesê het, "Hierdie tekens sal hulle volg wat glo. As hulle hande op die siekes lê, hulle sal gesond word." Hoe kan Hy lieg? Sien, dis nie op Hom nie, dis nie op my nie, nou is dit op jou. Nou glo julle.

201 Ek kyk na 'n klein vroutjie wat daar agter sit nou, sy het 'n klomp geloof. Sy en haar man het nou onlangs na die Here gekom. Sy het reg in hierdie byeenkoms gesit, het 'n breuk wat die dokter op sou opereer, net voor, en haar baba was gereed

om gebore te word. En die dokter sou daarná opereer, maar die baba was gebore en hulle kan nie enige breuk vind nie. Dis alles weg. Sien? Hoekom? Sy het net gesit. . . Sy was nooit hierbo op die platform soos dit nie. Sy het net hier agter gesit en dit geglo. Is dit reg, Mev. Green, ek glo dit is, daar agter? Dis reg. Sien haar hand? Die dokter kan nie eers die breuk vind nie, dis alles weg. Hoekom? Sy het dit geglo, net uitgestap en gesê, "Dis reg!"

202 Nou doen julle dieselfde, en elke beproewing wat julle het sal moet weggaan. God, Wie kan—Wie Iets kan stuur binne in 'n menslike liggaam, na daardie spook van 'n slangbyt wat in daardie man se voet was, giftig, om hom dood te maak, en dit kan stop en dit kan doodmaak net daar, hoeveel te meer kan Hy die siektes doodmaak in jou liggaam. Omdat, daardie man was in nood en hy moes hulp kry. Jy moet, ook. As jy dit nie kry nie, gaan jy dood.

203 Nou hou julle hande op mekaar. Moenie vir jouself bid nie, bid vir die persoon langs jou. Dis Christelik.

204 Leer dit, leer dit, dat, soos jy doen aan ander, doen jy aan Christus. Wanneer jy goed doen aan iemand anders, doen jy goed aan Christus. As jy iemand anders mishandel, mishandel jy Christus. O, goeiste!

205 O, as ek dit net kon kry om oor te gaan, as ek net kon dat die mense dit sien, waarna ek kyk en wat ek voel, en wat ek weet wat aangaan, sien. Hoe Christus volhard na daardie Boodskap vanmôre, om reg af, binne in die harte van mense te kom en iets daar te skep; nie 'n opwinding, nie 'n emosie (dit kom saam met dit), maar om onsterflike geloof daar te skep wat nie sal sê nie, 'n duim aan die vyand gee nie.

206 Nou, Hy sal my gebed hoor, Hy sal jou gebed hoor. Bid julle nou vir mekaar, terwyl ek bid vir almal van julle.

207 O Here, hierdie groot kritieke oomblik, ons besef dat dit die verskil gaan maak tussen lewe en dood, aan baie. En ek beef in U Teenwoordigheid, want ek weet, Here God, dat ek moet bid met my hele hart. Ek besef dat al sal daar nie 'n siek persoon in ons midde binne nog vyf minute wees nie, dat elke persoon hier sal herken dat U hier is. Hier staan hulle vanmôre, Here. Laat daardie mense hulle hande opsteek wat geweet het dat ek hulle nie ken nie, en niks omtrent hulle nie. Maar U Gees ken hulle. U ken die geheime van hulle hart, hoeveel te meer ken U hulle beproewinge en hulle lydinge! Dan, Here, laat dit vandag wees, laat dit selfs nou wees dat U Gees hulle siek liggame sal aanraak. Skenk dit, Here. Hulle bid vir mekaar.

208 En ek bid, Dierbare God, dat die Heilige Gees dit so werklik vir hulle sal maak, dat hulle dit nooit nie weer sal glo nie. En daar is nog 'n siekte, Here, wat baie groter is as hierdie fisiese siekte, dit is geestelike siekte. Mag elke hart geopen word.

209 Here, hoe kan dit wees dat U daar gestaan het aan die sy van Abraham, en dieselfde ding gedoen het, vir Sarah vertel wat "agter" U was, die Skrif sê, "in die tent het sy gelag," en U het haar gesê. En Abraham het herken dat dit Elohim was, die groot God. Binne 'n paar minute het U verdwyn uit sy sig.

210 En, Here, toe Jesus gestaan en dieselfde ding gedoen het, en gesê het, "Julle noem Abraham julle 'vader,' en tog sê julle julle ken die Skrifte." Gesê, "Julle maak 'n fout, onkundig van die Skrif en die Krag van God." En hulle het Hom genoem "Beëlsebub."

211 Maar U belowe dat in die laaste dae dat U sal U Gees weer uitstort. Die profeet het gesê, "In die aandtyd sal dit Lig wees." En hier is ons.

212 Wanneer hierdie buite-egtelike wêreld ineenstort onder sonde, soos 'n dronk man huis toe steier in die aand, binnekort sal sy opgeblaas word in die midde, daar sal nie eers vulkaniese stof wees nie, kwalik, oorbly daarvan nie. En ons sien die tyd wegtik.

213 O God, neem elke twyfel weg van ons. Beweeg ons binne in daardie kringloop nou. Kom, Heilige Gees. Hou uit U groot vlerke, broei oor hierdie klein gehoor van mense nou, en laat Uself hulle harte deurweek, en laat hulle weet dat U in Heilige Teenwoordigheid is, dat dit U is, "Ek is die Here Wat al julle siektes genees." En mag U Teenwoordigheid iets doen aan hulle harte wat sal veroorsaak dat hulle hiervandaan sal gaan vanmôre, gelowig met alles wat in hulle is. En mag elke siek en beproefde persoon genees word.

214 Want, as U dienaar, staan ek en bestraf elke duiwel, bestraf elke siekte, bestraf Satan.

215 Jy het verloor, en jy is niks anders as 'n bluf nie. En ons daag jou uit daarop vanmôre, in die Naam van Jesus Christus. En as Sy dienaar, wat Sy Woord preek en die mense die Waarheid vertel, om reg te maak en op te lyn met God se Woord. Ek bestraf jou, Satan, in die Naam van Jesus Christus. Gaan weg van elkeen van hierdie mense wat gekom het van ver en naby, om genees te word. Gaan jy weg van hierdie gehoor en van hierdie mense. Ek beveel jou deur die lewende God. En die Bybel het gesê, "Die kragdadige, ywerige gebed van 'n regverdige man sal baie bereik." En baie regverdige manne het hulle hande gelê op die siekes, hier vanmôre. O, Satan, jy sal graag wil hê dat hulle moet dink dit is ek, dan het jy die glorie weggeneem van hulle. Maar dit is hulle geloof in God, ook, hulle glo God! En jy sal moet beweeg, deur hulle geloof. So neem jou reis weg van hier, en gaan in die buitenste duisternis in waar jy hoort. Ek bestraf jou, in die Naam van Jesus Christus, deur die gesag van God se Bybel, my kommisie deur 'n Engel. Gaan nou, in die Naam van Jesus Christus, en laat hulle vry wees. Amen.

216 Glo julle, julle hele harte, dat julle genees is? Steek jou hand op, sê, "Ek aanvaar nou Jesus Christus as my Geneesheer. Alle skadu het van my verdwyn. Ek aanvaar Hom nou in die volheid van Sy Krag, in die seëninge van Sy Teenwoordigheid. Ek aanvaar Hom."

My geloof kyk op na U,
U Lam van Golgotha,
Heiliger Verlosser;
Nou hoor my terwyl ek bid,
Neem al my sondes weg,
Of laat my nooit afdwaal
Van U af weg.

Nou kom ons steek ons hande regtig liefdevol op na Hom toe.

Terwyl lewens donker doolhof ek bewandel,
En leed oral om my versprei,
Wees U my Gids, O God;
Laat donkerte verander na dag,
Vee smarte, vrese weg
Of laat my nooit afdwaal
Van U af weg.

[Broer Branham begin neurie *My geloof kyk op no U*.—Red.] . . . ryk genade!

Nou Is Die Poort AFR59-0301M
(Strait Is The Gate)
Die Kerk reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 1 Maart, 1959, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©1994 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org